

**Algemene opmerkings:**

- 'n Kennisgewing aan alle opvoeders: Aardrykskunde moet beskou word as 'n voorbereidingsvak. Dit is die opvoeder se plig om alle lesse vooraf te beplan en te verseker dat lesse dinamies, interessant, relevant met betrekking tot vandag se veranderde wereld en gebaseer wees op vaardighede.
- Kaartwerk moet dwarsdeur die jaar geïnkorporeer word as deel van die leerplan bv onderrig Nedersettingsaardrykskunde en kaartvaardighede tegelyker tyd.
- Die memo en terugvoering verslae van die eksaminatore moet gebruik word by beplanningsvergaderings aan die begin van elke akademiese jaar.
- 'n Groot aantal leerders beskik nie oor die vaardighede om met ortofoto's te werk nie bv identifiseer skaduwees, bereken afstand met behulp van die 1:10000 skaal, ens. Alle skole moes al 'n "Maptrix" weergawe ontvang het. Alle skole beskik oor Kimberley karate as deel van die GTA's.
- Opvoeders moet vorige eksamen vraestelle en memo's bestudeer.
- Leerkragte moet kennis neem dat alle kaart tegnieke en bewerkings getoets sal word.
- Leerders behoort sleutel woorde in vrae te kan identifiseer, soos bv. Nedersettingspatroon, gee bewyse, ens.
- Dit is belangrik dat leerders die punttoekenning in ag neem as die vrae beantwoord word.
- Konsepte soos isohiete, isobare, kontoerlyne moet aan leerders verduidelik word.

**Vrae gebaseerde kommentaar:****Vraag 1****Algemene kommentaar:**

Hierdie vraag was goed beantwoord. Leerders het hulle inhoud geken en kon dus hulle vaardighede toepas.

- 1.3 Die leerders kon hierdie antwoord vanaf die topografiese kaart aflei. Dit was onder op die kaart direk onder die skaal aangetref.
- 1.5 Leerders kon nie onderskeid tref tussen die verskillende tipes skale nie bv. Word, lynskaal, verhoudingsskaal ens.
- 1.6 Leerders moet kennis neem hoe om ko-ordinate te lees.
- 1.9 Driehoeksbakens se hoogte word onder die driehoek aangetref en nie bo nie.

**Vraag 2 Algemeen:**

Swak beantwoord want die leerders ken nie hulle bewerkinge nie soos bv. Afstandsberekening, peiling met 'n gradeboog, oppervlak, magnetiese deklinasie.

Alle bewerkinge, insluitend gradient en vertikale oordrywing moet in graad 9 aangebied en weer in graad 12 hersien en getoets word.

**Probleem areas:**

- 2.1 Leerders weet nie dat 1cm op die kaart 50 000cm in die werklikheid is nie.
- 2.2 Leerders het nie akkuraat tussen die twee relevante punte op die kaart gemeet nie.
- 2.3 Leerders het nie van gradeboog gebruik gemaak om die vraag te beantwoord nie.
- 2.4 Leerders moet weet hoe omskakelings vanaf cm na km vir oppervlak berekenings te doen. bv  $cm \times cm \times 0,25$  om te skakel na km.
- 2.5 Leerders verstaan nie die konsep magnetiese deklinasie nie. Wes van Ware Noord beteken dat die hoek word groter en oos en ware noord beteken die hoek word kleiner.

**Vraag 3 Algemeen:**

- Dit is duidelik dat die geomorfologie afdeling by sommige skole nie deeglik behandel word nie.
- Leerders het nie 'n deeglike kennis van landvorme wat deur kontoerlyne voorgestel word nie.

**Probleem areas:**

- 3.1 Leerders MOET die vrae deeglik lees. 'n Keusevraag was gevra. Kontoerlyn interpretasie was onvoldoende.
- 3.2 Leerders moet die verwysings onderaan die kaart gebruik.
- 3.3 Leerders weet nie hoe om die drie fases van die fluviale siklus toe te pas nie.
- 3.4 Daar is 'n algemene gebrek aan kennis in verband met kontoer spasiering teenoor gradient. Bv. Kontoerlyne naby mekaar beteken 'n steil helling en vice versa.
- 3.5 Leerders moet kontoerlyne volg om hoogtes te bepaal.

**Q4: NEDERSETTINGS****Algemene kommentaar:**

- Goed beantwoord.

**Probleem areas:**

- 4.1.1 Nedersettings patrone is of kern of verspreid. Leerders moet die vrae deeglik lees.
- 4.2 Leerders moes bewyse vind op die kaart.
- 4.6 Leerders moes bewyse vind op die kaart om bewaring praktyk te identifiseer, soos bv. Natuurreserveat, Veldblomtuin, ens.